BESLUITEBUNDEL

van die 73ste Algemene Kerkvergadering



2-6 Oktober 2022

nHKA

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

INHOUDSOPGAWE

Klik op enige punt in die inhoudsopgawe en beskrywingspunte om na daardie deel van die Besluitebundel te spring

GOEDKEURING VAN DIE REGLEMENT VAN ORDE ... 1
TERMYNVERSLAG VAN DIE UITTREDENDE KOMMISSIE VAN DIE AKV ... 1
1. VIERING ... 4
1.1 INLEIDING ... 4
1.2 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET DIE VIERING VAN DIE EVANGELIE VERBAND HOU ... 4
2. GEMEENSKAP ... 6
2.1 INLEIDING ... 6
2.2 STUDENTEGEMEENTES EN -BEARBEIDING ... 6
2.3 BESKRYWINGSPUNTE WAT NIE VERBAND HOU MET VERSLAE NIE ... 6
3. GETUIENIS ... 9
3.1 INLEIDING ... 9
3.2 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET GETUIENIS VERBAND HOU ... 9
3.2.1 KERNKOMITEE: KERK, TEOLOGIE EN ETIESE SAKE ... 9
3.2.2 BSA ... 12
3.2.3 MISSIONALE BEDIENING ... 12
4. DIENS ... 16
4.1 INLEIDING ... 16
4.2 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET DIENS VERBAND HOU ... 16
4.2.1 KURATORIUM VIR TEOLOGIESE OPLEIDING ... 16
4.2.2 HTK ... 16
4.2.3 ADV ... 17
4.3 NHKA PENSIOENFONDS ... 19
4.4 RAAD VAN FINANSIES ... 22
4.4.1 TERMYNVERSLAG ... 22
4.4.1.1 Inleidend ... 22
4.4.1.2 Begroting 2023/2024 ... 22
(a) HTK ... 23
(b) Ondersteuning: MRCC ... 23
(c) Apostolaat: AIM ... 23
(d) Strategiese groeibediening ... 23
(e) ADV ... 23
(f) Kommunikasie Afdeling (insluitende kerklike publikasies – SENTIK) ... 23
(g) Kommissie van die AKV ... 24
(h) Koste van sentralisering ... 24
(i) Eiendom en geboue ... 24
(j) Opsommende begroting ... 24
4.4.1.3 Sinodale offergawes ten opsigte van gesentraliseerde werksaamhede van die Kerk ... 24
4.4.1.4 Sinodale eiendomme ... 24
4.4.1.5 Gemeentelike aangeleenthede ... 25
4.5 BESKRYWINGSPUNTE WAT NIE VERBAND HOU MET VERSLAE NIE ... 25
4.6 BESKRYWINGSPUNTE WAT MET KERKORDEWYSIGINGS VERBAND HOU ... 25
4.7 FINALE GOEDKEURING VAN DIE BEGROTING ... 30

---oOo---

BESKRYWINGSPUNTE

BESKRYWINGSPUNT 1: KOMMISSIE VAN DIE AKV
SINERGIE ONDERWEG NA 2025 1

BESKRYWINGSPUNT 2: KOMMISSIE VAN DIE AKV
KERKWEES IN DIE TOEKOMS 1

BESKRYWINGSPUNT 3: KERNKOMITEE: KERK, TEOLOGIE EN ETIESE SAKE
SKRIFBESKOUING 4

BESKRYWINGSPUNT 4: KERNKOMITEE: EREDIENS
VONKK-LIEDERE 4

BESKRYWINGSPUNT 5: KERNKOMITEE: EREDIENS
KOPIEREG VIR MUSIEK GEBRUIK TYDENS EREDIENSTE 5

BESKRYWINGSPUNT 9: KERNKOMITEE: EREDIENS
LITURGIE AS GESTALTEGEWING VAN DIE EENHEID VAN DIE KERK 5

BESKRYWINGSPUNT 10: STUDENTEGEMEENTES
STUDENTEGEMEENTES EN -BEARBEIDING........ 6

BESKRYWINGSPUNT 11: SGB: WELSTANDSPROGRAM
VOORKOMENDE PROGRAM: EMOSIONELE WELSTAND VAN PREDIKANTE 6

BESKRYWINGSPUNT 12: SGB: WELSTANDSPROGRAM 7
SABBATSVERLOF 7

BESKRYWINGSPUNT 15: KOMMISSIE VAN DIE AKV
INTEGRASIE VAN KERKLIKE INLIGTINGSTELSELS........ 7

BESKRYWINGSPUNT 16: KERNKOMITEE: KERK, TEOLOGIE EN ETIESE SAKE
EENVOUDIGE UITLEG VAN DIE APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS 9

BESKRYWINGSPUNT 17: KERNKOMITEE: KERK, TEOLOGIE EN ETIESE SAKE
EIETYDSE EN KERKEIE BELYDENISSKRIF 9

BESKRYWINGSPUNT 18: KERNKOMITEE: KERK, TEOLOGIE EN ETIESE SAKE
UITVERKIESINGSLEER 10

BESKRYWINGSPUNT 19: KERNKOMITEE: KERK, TEOLOGIE EN ETIESE SAKE
BYSTANDDOOD........ 11

BESKRYWINGSPUNT 20: KERNKOMITEE: KERK, TEOLOGIE EN ETIESE SAKE
VERHOUDING TUSSEN DIE NHKA EN DIE GHG 11

BESKRYWINGSPUNT 21: BSA
BSA 12

BESKRYWINGSPUNT 22: KOMMISSIE VAN DIE AKV
SPESIALE DEURKOLLEKTES 14

BESKRYWINGSPUNT 23: RING VAN MIDDELBURG
MISSIONALE JEUGBEDIENING 14

BESKRYWINGSPUNT 24: SGB
JEUGBEDIENING 14

BESKRYWINGSPUNT 26: KOMMISSIE VAN DIE AKV
GEVORDERDE TOERUSTING VIR OUDERLINGE AS MEDEWERKERS IN DIE BEDIENING – VERAL IN GEMEENTES WAT LANGDURIG VAKANT IS 16

BESKRYWINGSPUNT 27: RING VAN POTCHEFSTROOM
TEOLOGIESE OPLEIDING AAN UP 16

BESKRYWINGSPUNT 28: KOMMISSIE VAN DIE AKV
BEURSLENINGSKEMA VIR TEOLOGIESTUDENTE 17

BESKRYWINGSPUNT 29: SRT
STIGTING VAN DIE SRT 17

BESKRYWINGSPUNT 30: SRT
KERKARGIEF 18

BESKRYWINGSPUNT 31: SRT
SP ENGELBRECHTMUSEUM 18

BESKRYWINGSPUNT 32: KERNKOMITEE: KERK, TEOLOGIE EN ETIESE SAKE
INVENTARIS VAN TEOLOGIESE STUDIESTUKKE 19

BESKRYWINGSPUNT 33: KOMMISSIE VAN DIE ADV
KOMITEE VIR DIAKONALE AANGELEENTHEDE 19

BESKRYWINGSPUNT 34: KOMMISSIE VAN DIE ADV
BENAMING: DIENSORGANE VERANDER NA NWO'S BETROKKE BY DIE NHKA 20

BESKRYWINGSPUNT 35: KOMMISSIE VAN DIE ADV
REGLEMENT: NWO'S EN REGSENTITEITE WAT BY DIE NHKA BETROKKE IS 20

BESKRYWINGSPUNT 36: KOMMISSIE VAN DIE AKV
WERKSOOREENKOMSTE MET PREDIKANTE 25

BESKRYWINGSPUNT 37: KOMMISSIE VAN DIE AKV
PREDIKANTE IN DIE BUITELAND 25

BESKRYWINGSPUNT 38: KOMMISSIE VAN DIE AKV
WERKGEWERSBYDRAES TOT DIE NHKA PENSIOENFONDS 26

BESKRYWINGSPUNT 39: RAAD VAN FINANSIES
ALTERNATIEWE BRONNE VAN INKOMSTE VIR SINODALE DIENSLEWERING: OORNAGBANKFASILITEITE 26

BESKRYWINGSPUNT 41: KOMMISSIE VAN DIE AKV
AANWENDING VAN BATES OM DIE FONDS VIR SINODALE DIENSLEWERING UIT TE BOU EN DIE HEFFINGSLAS OP GEMEENTES TE VERMINDER 26

BESKRYWINGSPUNT 43: OUDIT- EN RISIKOMITEE
NAKOMING 27

BESKRYWINGSPUNT 44: RING VAN MAQUASSI
WYSIGING VAN ORDINANSIES 3.2.11 (vi) EN 3.2.18.3 (i) 27

BESKRYWINGSPUNT 45: KOMMISSIE VAN DIE AKV
WYSIGING VAN ORDINANSIE 3.2.14.5 (v) EN AKTE VAN LOSMAKING NA ONTHEFFING UIT DIE AMP (I) 28

BESKRYWINGSPUNT 46: RING VAN VEREENIGING
WYSIGING VAN ORDINANSIES 4.2.1 (i)(b) EN (f) 29

BESKRYWINGSPUNT 47: KOMMISSIE VAN DIE AKV
WYSIGING VAN ORDINANSIE 10.1 EN INVOEGING VAN NUWE ORDINANSIE 10.4 29

---oOo---

GOEDKEURING VAN DIE REGLEMENT VAN ORDE

Die volgende wysiging word aanvaar:

2.4.4 STEMPROSEDURE

Al ses die predikantslede en al nege ouderlingslede word met 'n volstrekte meerderheid (helfte plus een) verkies. Die sekunduskommissie en lede van al die kerklike rade word met 'n gewone meerderheid verkies.

TERMYNVERSLAG VAN DIE UITTREDENDE KOMMISSIE VAN DIE AKV

Die verslag word aanvaar, met die volgende wysiging:

2.8.3.2 Sinergie en konsolidasie

Gemeente Krugersdorp het ontbind en bates aan Gemeente Krugersdorp-Noord oorgedra.

BESKRYWINGSPUNT 1: KOMMISSIE VAN DIE AKV

SINERGIE ONDERWEG NA 2025

Ringskommissies sien toe dat kerkrade en gemeentes die bedoeling van Besluit 1 van die 72ste AKV tot uitvoer sal bring op 'n wyse wat die plaaslike gemeente en die breë kerk die beste dien in die huidige omstandighede.

BESKRYWINGSPUNT 2: KOMMISSIE VAN DIE AKV

KERKWEES IN DIE TOEKOMS

1. **In die lig van vinnig veranderende omstandighede waarin die Kerk die evangelie verkondig asook ons missionale verstaan van kerkwees, gee die AKV aan die Kommissie van die AKV opdrag om alternatiewe moontlikhede van kerkwees te ondersoek.**

2. **Die AKV neem met dank kennis van die meegaande memorandum getiteld *Kerkwees in die Toekoms*.**

3. **Die Kommissie van die AKV word versoek om, ná oorleg met die betrokke rolspelers, op 'n eksperimentele basis, met die implementering daarvan te begin.**

4. **Waar nodig, word die Kerkorde gewysig om daarvoor voorsiening te maak. Kerkordelike wysigings dien by die eersvolgende AKV.**

5. Nuwe moontlikhede van kerkwees behoort die volgende in te sluit:

* **Netwerkbediening.**
* **Samewerkende bediening met kerke in die buiteland.**
* **Samewerkende bediening met kerke in Suid-Afrika.**
* **Internetbediening.**
* **Pioniersbediening.**
* **Predikante met bedieningsbevoegdheid.**
* **Ouderlinge met bedieningsbevoegdheid.**
* **Andersoortige gemeentes.**

---oOo---





NHKA

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Viering

1. VIERING

1.1 INLEIDING

1.2 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET DIE VIERING VAN DIE EVANGELIE VERBAND HOU

BESKRYWINGSPUNT 3: KERNKOMITEE: KERK, TEOLOGIE EN ETIESE SAKE

SKRIFBESKOUING

1. **Die 73ste AKV neem met dank kennis van die gepubliseerde studiemateriaal oor Skrifbeskouing wat deur middel van die *THT* aan lidmate en ampsdraers van die Kerk beskikbaar gestel is** (https://nhka.org/wp-content/uploads/2022/01/SKRIFBESKOUING-Kerk-en-Teologie-VOL-1.pdf).

2. **Lidmate en ampsdraers word aangemoedig om die materiaal te benut tydens Bybelstudies en as toerusting vir ampsdraers.**

3. **Die 73ste AKV neem kennis van die meegaande memorandum, welbewus daarvan dat dit nie die finale woord oor Skrifbeskouing is nie. Die Kerk moet altyd bly nadink oor die eie aard van die Bybel.**

BESKRYWINGSPUNT 4: KERNKOMITEE: EREDIENS

VONKK-LIEDERE

1. **Die AKV handhaaf die besluit rakende die gebruik van VONKK-liedere in die eredienste van die NHKA.**

2. **Die AKV ondersteun die NHKA se deelname aan die werksaamhede van die VONKK-werkgroep.**

3. **Die vergadering versoek die VONKK-werkgroep om gereelde toerustings- en inligtingsgeleenthede te reël om die Kerk bekend te stel aan die liedere wat tot die korpus toegevoeg is, en hoe dit in die erediens gebruik kan word.**

4. **Die AKV handhaaf die besluit om namens die NHKA 'n bedrag van R50 000.00 per jaar vir die werksaamhede van VONKK oor te betaal. Dit verseker dat die NHKA deel van die bestuurspan van VONKK is en dat geen verdere vergaderingskoste of reiskoste vir lede van die NHKA betaalbaar is nie, asook dat die opdragte van die AKV aan VONKK deur die werkgroep uitgevoer kan word. Die bedrag is egter nie meer vir 'n sinodale lisensie nie, aangesien Bybel-Media ingestem het vir 'n enkele kerkmusieklisensie vir die NHKA.**

5. **Die AKV neem kennis van die onderneming van die direkteur van Bybel-Media dat die geld vanuit die NHKA nie vir die breë werksaamhede van Bybel-Media gebruik sal word nie, maar**





NHKA

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Gemeenskap

2. GEMEENSKAP

2.1 INLEIDING

2.2 STUDENTEGEMEENTES EN -BEARBEIDING

Die verslag word aanvaar.

BESKRYWINGSPUNT 10: STUDENTEGEMEENTES

STUDENTEGEMEENTES EN -BEARBEIDING

1. **Die vergadering bevestig dat studentebearbeiding van strategiese belang vir die Kerk is.**

2. **Die vergadering bevestig dat finansiële aanvulling van werkruimtes van studentebearbeiding vanuit die Fonds vir Strategiese Bediening befonds word en jaarliks geëvalueer word.**

3. **Predikante en gemeentes word versoek om studente vanuit hul gemeentes aan te moedig om by die onderskeie studentegemeentes van die Kerk in te skakel. Kerkraadsvergaderings bekom jaarliks inligting van alle skoolverlaters wat uit gemeentes verhuis na tersiêre instellings. Die inligting (toekomstige adres en telefoonnommer) word na die onderskeie studentegemeentes gestuur.**

2.3 BESKRYWINGSPUNTE WAT NIE VERBAND HOU MET VERSLAE NIE

BESKRYWINGSPUNT 11: SGB: WELSTANDSPROGRAM

VOORKOMENDE PROGRAM: EMOSIONELE WELSTAND VAN PREDIKANTE

Verantwoordelike persone by die Welstandsprogram word versoek om 'n voorkomende program daar te stel met die oog op die emosionele welstand van predikante.

---oOo---

MOSIE INGEDIEN DEUR 'N LID VAN DIE WELSTANDSKOMITEE NAMENS 'N KOLLEGA

My grootste dank aan die kollega in die Welstandskomitee wat my in 2021 gekontak het en ondersteun het toe ek werklik emosioneel op 'n punt tussen lewe en dood gestaan het. Dankie en seën vir u.

BESKRYWINGSPUNT 12: SGB: WELSTANDSPROGRAM

SABBATSVERLOF

Langverlof verander na 21 dae elke drie jaar op dieselfde basis as tans.

BESKRYWINGSPUNT 15: KOMMISSIE VAN DIE AKV

INTEGRASIE VAN KERKLIKE INLIGTINGSTELSELS

Al die gemeentes van die Kerk skakel in by die Kerk se inligtingstelsel.

Die stelsel verseker dat elke gemeente 'n nhk-e-posadres het en gebruik maak van die nuutste programmatuur, deurlopend volle toegang het tot alle kerklike dokumente en vorms, self gereeld gemeentelike inligting en kontakinligting op die sinodale stelsel kan bywerk, en veilige bêreplek het vir gemeentelike inligting en dokumente (soos agendas, notules, verslae, en doop- en lidmaatregisters).

---oOo---





NHKA

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Getuienis

3. GETUIENIS

3.1 INLEIDING

3.2 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET GETUIENIS VERBAND HOU

3.2.1 KERNKOMITEE: KERK, TEOLOGIE EN ETIESE SAKE

BESKRYWINGSPUNT 16: KERNKOMITEE: KERK, TEOLOGIE EN ETIESE SAKE

EENVOUDIGE UITLEG VAN DIE APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS

1. **Die 73ste AKV neem met dank kennis dat die publikasie *Ek glo* eersdaags volledig in gedrukte formaat in die *THT* se reeks *Kerk en Teologie* sal verskyn.**

2. **Die 73ste AKV neem ook met dank kennis van 'n gesamentlike projek wat 'n eietydse interpretasie van die NGB aan die begin van 2023 beskikbaar sal stel.**

3. **Lidmate en ampsdraers word aangemoedig om materiaal wat op die Kerk se webwerf beskikbaar is tydens Bybelstudies te benut.**

4. **Die publikasie mag ook as preekbundel dien, hulpmiddel vir ouderlinge wat leesdienste moet hou.**

5. **Die genoemde publikasies handel die opdrag van die AKV, om die belydenis en belydenisskrifte eietyds te interpreteer en beskikbaar te stel, af.**

BESKRYWINGSPUNT 17: KERNKOMITEE: KERK, TEOLOGIE EN ETIESE SAKE

EIETYDSE EN KERKEIE BELYDENISSKRIF

1. **Die 73ste AKV neem kennis van die memorandum oor die moontlikheid van 'n eietydse en kerkeie belydenisskrif.**

2. **Die 73ste AKV is van mening dat die aandrang op 'n eietydse en kerkeie belydenisskrif op 'n bepaalde tydstip in die Hervormde Kerk se geskiedenis ontstaan het toe daar verskil van mening was oor die interpretasie van en binding aan die belydenisskrifte. Daardie krisis het grotendeels verbygegaan.**

3. **Resente publikasies oor die belydenis wat in die *THT* gepubliseer is, word aanbeveel as hulpmiddel by die prediking en Bybelstudie.**

4. **Lidmate en ampsdraers word aangemoedig om erns te maak met ons reformatoriese en ekumeniese belydenis deur gereeld in die erediens, prediking en Bybelstudies daaroor na te dink, dit te vier en aktueel te verwoord.**

5. Die 73ste AKV gee opdrag dat die *Barmen Verklaring* wat in 1934 in Duitsland tot stand gekom het, in Afrikaans vertaal word vir verdere oorweging, gesien die traumatiese en verwoestende omstandighede in Suid-Afrika. Grootskaalse korrupsie, staatskaping, armoede en geweld roep die Kerk op om profetiese getuienis te lewer, en nie verder te swyg nie. 'n Aangepaste weergawe van die *Barmen Verklaring* kan hierin behulpsaam wees.

BESKRYWINGSPUNT 18: KERNKOMITEE: KERK, TEOLOGIE EN ETIESE SAKE

UITVERKIESINGSLEER

1. Die 73ste AKV neem met dank kennis van die memorandum oor uitverkiesingsleer wat in die agenda van die AKV opgeneem is.

2. Dit word aan lidmate en ampsdraers van die Kerk beskikbaar gestel vir bespreking. Lidmate en ampsdraers word aangemoedig om die materiaal te benut tydens Bybelstudies en as toerusting vir ampsdraers.

3. Die 73ste AKV besluit dat 'n eietydse interpretasie van die DL nie 'n haalbare opdrag is nie. Die vergadering kontinueer 'n eietydse interpretasie van die uitverkiesingsleer, sodat hierdie leerstelling met oortuiging en vreugde bely kan word.

4. Die DL moet, soos enige ander belydenisskrif, as 'n historiese dokument beskou word. As mensewoord oor God vertoon dit bepaalde tekortkominge en moet verantwoordelik geïnterpreteer word. Daar kan verskille wees in interpretasie en formulering, maar die kern van die saak staan vas: Ons verlossing berus op God se keuse om vir ons 'n God te wees.

5. Die Kerk bely met oortuiging en groot vreugde:

- **Die Christelike geloof begin met God se keuse vir ons, en nie met ons keuse vir God nie.**
- **God het ons in Christus uitgekies. Dit lei ons tot lofprysing oor die heil wat in Christus aangebreek het.**
- **Die spanning tussen uitverkiesing (*electio*) en verwerping (*reprobatio*) kan net Christologies opgehef word. Ons kan net van *uitverkiesing in Christus* praat (Efesiërs 4). Christus is tegelykertyd die uitverkore mens en die mens wat aan die kruis die verworpene is en die oordeel en straf van God ontvang.**
- **Die uitverkiesingsleer laat ons besef wat genade is. God se voorneme om vir Hom 'n kerk te vergader, is pure genade.**

BESKRYWINGSPUNT 19: KERNKOMITEE: KERK, TEOLOGIE EN ETIESE SAKE

BYSTANDDOOD

1. **Die 73ste AKV neem met dank kennis van die memorandum oor bystanddood wat in die agenda van die AKV opgeneem is.**

2. **Dit word aan lidmate en ampsdraers van die Kerk beskikbaar gestel vir bespreking.**

3. **Lidmate en ampsdraers word aangemoedig om die materiaal te benut tydens Bybelstudies en as toerusting vir ampsdraers.**

4. **Die 73ste AKV besluit dat navorsing oor bystanddood voortgesit word.**

5. **Ons glo dat elke mens se lewe 'n kosbare gawe uit die hand van God is.**

6. **Ons glo dat die dood ook 'n gawe uit die hand van God is, wat die mens verlos van liggaamlike pyn en lyding, en op grond van Jesus Christus se opstanding, die deurgang is tot die ewige lewe. Ons enigste troos in lewe en in sterwe is dat ons aan Jesus Christus behoort wat ons met sy kosbare bloed vrygekoop het van die sonde en die dood.**

Die beskrywingspunt word aanvaar, met die verstandhouding dat die memorandum as ‘n gespreksdokument beskou word. Die vergadering besluit om gesprek en navorsing oor die onderwerp voort te sit.

BESKRYWINGSPUNT 20: KERNKOMITEE: KERK, TEOLOGIE EN ETIESE SAKE

VERHOUDING TUSSEN DIE NHKA EN DIE GHG

1. **Die 73ste AKV is van mening dat die verhouding tussen die NHKA en die GHG eers genormaliseer kan word wanneer die Geloofsbond die beskuldiging van dwaalleer en die Staat van Belydenis, wat teen die NHKA uitgereik is, herroep en alle litigasie tot 'n einde gekom het.**

2. **Die onderlinge band van eenheid tussen Hervormde gemeentes, lidmate, ampsdraers en medegelowiges in die algemeen berus nie op hofuitsprake nie. Kerklike eenheid is 'n <u>gewetensaak</u> wat voortvloei uit:**

   * **ons onderlinge verbondenheid met Christus en met mekaar;**
   * **ons gehoorsaamheid aan die Heilige Skrif;**
   * **ons verstaan van die Heilige Nagmaal;**
   * **ons handhawing van die Belydenisskrifte;**
   * **ons gebondenheid aan die Kerkorde; en**

* **die beloftes wat ons tydens legitimasie, bevestiging in die amp en belydenis van geloof aflê.**

Die beskrywingspunt word aanvaar, sowel as die volgende verbandhoudende voorstelle:

1. Gestel deur oudl JD Fourie en gesekondeer deur oudl GJ Rossouw: In die lig van die bespreking versoek die vergadering die Kommissie van die AKV om waar moontlik gesprekke met die GHG te voer ter versoening. Die vergadering versoek ook die Litigasiekomitee om sonder benadeling van regte moontlikhede te ondersoek om die litigasie in die beste belang van die NHKA en na oorleg met die betrokke gemeentes te skik.

2. Gestel deur ds GF van Wyk en gesekondeer deur dr C Pretorius:

2.1 Die 73ste AKV is diep bewus van die pyn, hartseer en verdeeldheid wat veroorsaak is deur die kerkskeuring en die gebroke verhouding tussen die NHKA en die GHG, en betreur dit.

2.2 Die 73ste AKV erken die Bybelse opdrag tot vergifnis en versoening en wil dit ook so in die Kerk verkondig en uitleef.

2.3 Die 73ste AKV roep in die lig van bogenoemde almal op om versoenend teenoor mekaar en ander op te tree. Daarom word lidmate en ampsdraers opgeroep om in gesprekke met lidmate van die GHG versoenend op te tree.

2.4 Die 73ste AKV is diep bewus van die GHG se beskuldiging van dwaalleer en die staat van belydenis wat teen die NHKA afgekondig is asook van alle litigasie wat ’n struikelblok is op die pad van versoening. Daarom word die Kommissie van die AKV versoek om in amptelike gesprekke met die GHG te gaan in ’n soeke na oplossings.

Teenstem

* Ds J de Beer.

3.2.2 BSA

Die verslag word aanvaar.

BESKRYWINGSPUNT 21: BSA

BSA

1. Daar word met waardering kennis geneem van die werk van die BSA, en die BSA word opnuut verseker van die Kerk se voorbidding en ondersteuning.

2. Dank word uitgespreek teenoor alle gemeentes, sakeondernemings en individue wat die Bybelgenootskap ondersteun het.

3. Die vergadering wens ds Dirk Gevers, voormalige uitvoerende hoof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, geluk met sy aanstelling as Direkteur-Generaal van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe.

4. Dr SM de Beer word bedank vir haar werk as deeltydse organiserende sekretaris namens die Kerk by die BSA.

5. Die vergadering betuig dank en waardering teenoor almal wat namens die NHKA in die Algemene Jaarvergadering en Streekkomitees van die BSA dien.

6. Die vergadering besluit om die Bybel 2020-vertaling naas die ander Afrikaanse vertalings van die Bybel wat reeds deur die BSA beskikbaar gestel is, goed te keur vir gebruik in die Kerk. Daarmee word uitvoering gegee aan Ordinansie 7.5.1, naamlik: Die Kerk neem deel aan die Bybelvertalingsprojekte van die BSA.

7. Die vergadering neem met dank kennis van al die vertalers en ander kundiges wat namens die Kerk aan die 2020-vertaling van die Bybel meegewerk het. Die vergadering bevestig die besondere erkenning en waardering teenoor proff APB Breytenbach en JH Barkhuizen.

8. Die vergadering spreek namens die NHKA dank en waardering uit teenoor prof HJB Combrink, die projekleier van die Bybel 2020-vertaling.

9. Gemeentes betaal ten minste een Sondag per jaar se deurkollekte aan die BSA oor. Die datum van hierdie deurkollekte word jaarliks deur die Kommissie van die AKV in oorleg met ander instansies in die Kerk bepaal, en betyds aan gemeentes deurgegee met die oog op die opstel van gemeentes se jaarprogramme en begrotings.

10. Kerkrade word versoek om jaarliks te begroot vir 'n bedrag wat die BSA benodig om Bybels bekostigbaar beskikbaar te stel. Die bedrag word verkieslik maandeliks voor 31 Oktober elke jaar direk aan die BSA oorbetaal. Vir die komende jaar word die bedrag van R60.00 per lidmaat as riglyn gebruik.

11. Kerkrade word versoek om Bybels by die BSA aan te koop en te versprei onder diegene wat nie Bybels het nie.

12. Kerkrade word versoek om die inligting rakende Bybels wat elektronies gratis beskikbaar is, in gemeentes bekend te stel.

BESKRYWINGSPUNT 22: KOMMISSIE VAN DIE AKV

SPESIALE DEURKOLLEKTES

Die Kommissie van die AKV ontvang diskresie om jaarliks die datums van spesiale deurkollektes na oorleg met die begunstigde instansies te bepaal.

3.2.3 MISSIONALE BEDIENING

BESKRYWINGSPUNT 23: RING VAN MIDDELBURG

MISSIONALE JEUGBEDIENING

1. Die AKV besin oor wyses waarop gemeentes hulle missionaal kan rig in hul gemeenskappe ten opsigte van die geestelike vorming van die jeug.

2. Dit is wesenlik in die lig van krimpende gemeentes en jongmense wat geen kontak het met die Kerk nie, en daarom geen of weinig geleentheid het tot grondige geloofsvorming nie.

BESKRYWINGSPUNT 24: SGB

JEUGBEDIENING

1. Die AKV bevestig dat die jeugbediening in die Kerk 'n kernaspek van bediening in elke gemeente is. Jeugbediening moet 'n integrale deel vorm van die viering, diens, getuienis en gemeenskap in elke gemeente.

2. Die AKV gee opdrag aan die Kernkomitee: Jeugbediening om dringend te besin oor 'n strategie om die jeug weer aktief in die Kerk betrokke te kry. Hierdie strategie moet so gou moontlik in werking gestel word. Gemeentes se samewerking om die strategie te implementeer word as noodsaaklik beskou.

3. Gemeentes word versoek om aktief mee te werk om jong volwassenes deel van die leiersopleiding van die Kerk te maak.

4. Gemeentes word versoek om spesiale aandag te gee aan die kinder- en jong volwassenes-bediening in die gemeentes, en, waar nodig, dit gesamentlik in ringsverband te doen.

5. Ringe word versoek om minstens een persoon met 'n passie vir die jeug uit die ring aan te wys om deel te vorm van 'n breër werkgroep wat die uitreik na veral die kinders en tieners in die gemeentes kan koördineer en stimuleer.





nHKA

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Diens

4. DIENS

4.1 INLEIDING

4.2 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET DIENS VERBAND HOU

4.2.1 KURATORIUM VIR TEOLOGIESE OPLEIDING

Die verslag word aanvaar.

BESKRYWINGSPUNT 26: KOMMISSIE VAN DIE AKV

GEVORDERDE TOERUSTING VIR OUDERLINGE AS MEDEWERKERS IN DIE BEDIENING – VERAL IN GEMEENTES WAT LANGDURIG VAKANT IS

1. **Vanweë 'n tekort aan predikante in die nabye toekoms, word besluit dat gemeentes wat langdurig vakant is, ouderlinge kan aanwys om gevorderde opleiding in bedieningsvaardighede by die HTK te deurloop.**

2. **Aangewese kandidate is ouderlinge wat reeds in 'n leidinggewende hoedanigheid funksioneer en vir die grootste gedeelte van die betrokke gemeente aanvaarbaar is.**

3. **Die gevorderde toerusting is op Ordinansie 3.4 geskoei en stel ouderlinge in staat om die bediening in vakante gemeentes volgens die gemeentelike bedieningsplan te laat vlot.**

4. **Die bediening in vakante gemeentes geskied in oorleg met ringskommissies wat verseker dat konsulente of toegewysde predikante die nodige bystand verleen ten einde te verseker dat alles ordelik verloop.**

5. **Die konsulent bly steeds vir die bediening van sakramente en die lei van kerkraadsvergaderings verantwoordelik.**

6. **'n Geordende predikant in elke gemeente bly steeds die ideaal, en gemeentes streef deurentyd daarna om dit te verwesenlik.**

BESKRYWINGSPUNT 27: RING VAN POTCHEFSTROOM

TEOLOGIESE OPLEIDING AAN UP

1. **Die AKV gee opdrag aan die Kommissie van die AKV en die Kuratorium om alternatiewe moontlikhede vir teologiese opleiding te ondersoek.**

2. **Die Kommissie van die AKV, Kuratorium, HTK en die Hervormde Dosentevergadering kry opdrag om te besin oor die herbedinging van die huidige kontrak met UP:**

***	Die handhawing van die akademiese bydraes deur Hervormde dosente word bevestig.**

***	Die akkommodering en uitbouing van die HTK word as vereiste gestel.**

***	Die HTK word uitgebou ten einde te voldoen aan die verwagting van die Kerk om goed toegeruste predikante in die huidige tydsgewrig te lewer.**

BESKRYWINGSPUNT 28: KOMMISSIE VAN DIE AKV

BEURSLENINGSKEMA VIR TEOLOGIESTUDENTE

Die Kerk oorweeg om weer 'n beurs- en leningskema vir teologiestudente in te stel wat dit vir belangstellende studente moontlik sal maak om die lang en duur teologiestudie aan te pak. Die Raad van Finansies ondersoek 'n bekostigbare skema wat teologiestudie vir voornemende predikante aantreklik sal maak, maar wat vir die Kerk bekostigbaar en volhoubaar sal wees.

4.2.2 HTK

Die verslag word aanvaar.

BESKRYWINGSPUNT 29: SRT

STIGTING VAN DIE SRT

1. Die 73ste AKV neem kennis dat die opdrag van die 72ste AKV uitgevoer is met die stigting van die SRT.

2. Die AKV neem kennis dat die drie komitees, Argief, Biblioteek en Museum, voortaan as een subkomitee onder die koördinering van die SRT werksaam sal wees.

3. Die AKV neem kennis dat die SP Engelbrechtmuseum vir die afsienbare toekoms steeds in die historiese 1905-kerkgebou te Gemeente Wonderboompoort gehuisves sal bly.

4. Die AKV neem kennis van die nuwe publikasiestrategie waarop besluit is, naamlik om eerder boeke as losstaande artikels te publiseer.

5. Die AKV neem kennis van 'n konferensie wat oor *Skrifbeskouing* plaasvind.

6. Die AKV ondersteun die voorstel dat beplanningsgesprekke nou reeds gevoer word om die 200-jarige bestaan van die NHKA in 2024 te vier.

7. Die AKV keur dit goed dat die SP Engelbrecht-penning (goud) aan prof IWC van Wyk vir uitnemende kerkgeskiedskrywing tydens die eerskomende AKV oorhandig sal word.

BESKRYWINGSPUNT 30: SRT

KERKARGIEF

1. Die AKV spreek sy dank uit teenoor die argivaris van die Kerk, mnr Nándor Sarkady, vir volgehoue toewyding en uitnemende werk.

2. Die AKV neem kennis daarvan dat die bewaring van die Kerk se erfenis en argiefstukke van groot belang is en in wetgewing omskryf word, en dat die werk om dit te bewaar en te ontsluit baie waardeer word.

3. Die AKV doen 'n ernstige beroep op gemeentes van die NHKA om die bewaringsproses te ondersteun deur alle notuleboeke, registers en konsistorieboeke veilig te bewaar en, wanneer nodig, vir argivering te stuur.

4. Die AKV gee opdrag aan die SRT om te verseker dat 'n elektroniese bewaringsbeleid vir die Kerk opgestel sal word.

5. Die AKV ondersteun die Argief se ondersoek in samewerking met die NG Kerkargief na die moontlikheid om 'n lisensie vir die elektroniese ontsluitingsisteem, DBText, te deel.

6. Die AKV neem kennis dat die Argiefkomitee nou saam met die Museum en Biblioteek as een komitee onder die koördinering van die SRT sal funksioneer.

BESKRYWINGSPUNT 31: SRT

SP ENGELBRECHTMUSEUM

1. Die AKV spreek sy dank uit teenoor die kurator van die SP Engelbrechtmuseum vir volgehoue en toegewyde ywer waarmee die taak verrig word.

2. Die AKV ondersteun die oproep aan gemeentes om die Museum te besoek en die fasiliteite te help bemark.

3. Die AKV neem kennis dat die Museumkomitee nou saam met die Argief en Biblioteek as een komitee onder die koördinering van die SRT sal funksioneer.

BESKRYWINGSPUNT 32: KERNKOMITEE: KERK, TEOLOGIE EN ETIESE SAKE

INVENTARIS VAN TEOLOGIESE STUDIESTUKKE

1. Die 73ste AKV neem kennis van die inventaris van teologiese studiestukke en ander geskrifte.

2. Die 73ste AKV versoek dat die inventaris so gou doenlik voltooi word.

4.2.3 ADV

Die verslag word aanvaar.

Die volgende verbandhoudende voorstel gestel deur ds GPJ Stoltz en gesekondeer deur ds GS de Beer, word aanvaar:

1. Die 73ste AKV gee instemming met die gebruik van die Kommissie van die ADV ten opsigte van die rampfonds:

- **Bydraes wat vir 'n spesifieke ramp ontvang word, asook bydraes ontvang tydens die nadraai van 'n bepaalde ramp, maar wat nie gespesifiseer is nie, word so ver moontlik vir daardie ramp aangewend.**

- **Indien daar meer bydraes ingevorder is as wat vir 'n betrokke ramp aangewend kan word, word die geld nie verkwis nie, maar in die fonds behou vir bydraes tydens 'n volgende ramp.**

- **Die rente wat op die balans van die rampfonds verdien word, word uitsluitlik vir hulpverlening, volgens die diskresie van die Kommissie van die ADV, aangewend.**

Motivering:

Die Kommissie van die ADV gebruik een rampfonds – daar word nie vir elke ramp 'n nuwe fonds gestig nie. Hierdie werkwyse maak dit vir die ADV moontlik om verantwoordelike rentmeesterskap te aanvaar vir die barmhartigheidsbydraes vanuit die Kerk. Dit het verder tot gevolg dat die ADV hulp kan verleen die oomblik wat 'n ramp plaasvind, en nie eers wag vir bydraes voordat hulp verleen kan word nie.

Ter wille van deursigtigheid word die AKV gevra om instemming met hierdie gebruik te verleen.

BESKRYWINGSPUNT 33: KOMMISSIE VAN DIE ADV

KOMITEE VIR DIAKONALE AANGELEENTHEDE

1. Die AKV neem 'n beginselbesluit dat die samestelling van die AKV gewysig word om diakens in te sluit. Die nodige kerkordelike wysigings word aangebring om die integrasie van diakens moontlik te maak. Die nuutverkose Kommissie van die AKV implementeer die besluit met die oog op die 74ste AKV.

2. Die Kommissie van die AKV het deurlopend uitvoering gegee aan Ordinansie 4.6.2 (xxii) deur 'n kernkomitee vir diakonaat saam te stel. Die nuutverkose Kommissie van die AKV kry opdrag om 'n sinodale komitee vir diakonale aangeleenthede te skep met die opdrag om die struktuur van barmhartigheidsdiens op sinodale vlak te ondersoek. Hierdie komitee word saamgestel uit:

- **een predikantslid van die Kommissie van die AKV.**
- **twee ouderlingslede van die Kommissie van die AKV.**
- **een predikantslid van die Kommissie van die ADV.**
- **twee diakenslede van die Kommissie van die ADV.**
- **die sekretaris van die ADV.**
- **kundiges op uitnodiging.**

3. Die resultate van vorige ondersoeke na herstrukturering en integrasie en die resultate van die in diepteondersoek na die funksionering van die NWO's betrokke by die NHKA word in die ondersoek verreken.

4. Die sinodale komitee vir diakonale aangeleenthede doen aanbevelings aan die Kommissie van die AKV met die oog op implementering en finale bekragtiging tydens die 74ste AKV.

BESKRYWINGSPUNT 34: KOMMISSIE VAN DIE ADV

BENAMING: DIENSORGANE VERANDER NA NWO'S BETROKKE BY DIE NHKA

Die benamings *diensorgane*, *diakonale diensorgane* en *organe van bystand* word verander na NWO's betrokke by die NHKA en bestaan uit die volgende:

- **Die NHSV (NWO).**
- **Die Kinderhuise van die NHKA (MSW).**
- **Rata Maatskaplike Dienste (MSW).**
- **Ons Tuis (MSW).**
- **Plesion (MSW).**
- **TOIBO (NWO).**

Die Kerkorde word dienooreenkomstig aangepas.

BESKRYWINGSPUNT 35: KOMMISSIE VAN DIE ADV

REGLEMENT: NWO'S EN REGSENTITEITE WAT BY DIE NHKA BETROKKE IS

1. Die NWO's en regsentiteite wat by die NHKA betrokke is, verleen bystand aan die NHKA in uitvoering van ons Christelike roeping tot barmhartigheid deur

- **die versorging van sorgafhanklike kinders deur die Kinderhuise van die NHKA (MSW);**
- **die onderrig aan kinders met spesiale onderwysbehoeftes deur TOIBO (NWO);**
- **maatskaplike dienste deur Rata Maatskaplike Dienste (MSW);**
- **die versorging van ouer persone deur Ons Tuis (MSW);**
- **die ontwikkeling van volhoubare befondsing deur Plesion (MSW); en**
- **die versorging van persone in nood deur die NHSV (NWO)**

deur gebruik te maak van

- **eie befondsing;**
- **bydraes vanaf die NHKA;**
- **individuele donateurs en ander skenkings;**
- **fondswerwingsaksies; en**
- **staatsubsidies.**

2. Die bovermelde NWO's en regsentiteite funksioneer as onafhanklike organisasies sonder winsoogmerk kragtens die toepaslike wetgewing.

3. Die Raad van Finansies en die Kommissie van die ADV is deurgaans in gesprek met die onderskeie NWO's en regsentiteite om terugvoer te gee oor werksaamhede van die betrokke organisasies ten dienste van die Kerk.

4. Die NWO's en regsentiteite lewer jaarliks verslag aan die Kerk oor hul werksaamhede via die ringsvergaderings, in die vorm van 'n jaarverslag. Die essensie van elke organisasie en regsentiteit se werksaamhede en behoeftes word vervat in die verslag.

5. Die NWO's en regsentiteite ondersteun mekaar onderling as medewerkers in ons gesamentlike barmhartigheidsroeping. Die voorsitters en besturende direkteure/bestuurders van die verskillende organisasies onderneem om twee maal per jaar byeen te kom om onderlinge ondersteuning te bespreek.

6. Die NWO's en regsentiteite gee op 'n deursigtige en verantwoordbare manier inligting aan die Kerk, ten einde die Kerk, en spesifiek die gemeentes, op hoogte te hou van die werk van die betrokke NWO, en ook om terugvoer te gee oor en dank te betuig vir bydraes wat vanuit die Kerk ontvang is.

7. Die onderskeie direksies/besture onderneem om die volgende inligtingstukke aan die NHKA te voorsien:

7.1 Na elke direksievergadering aan die Kommissie van die ADV, wat inligting hieruit beskikbaar stel aan die Raad van Finansies en die Kommissie van die AKV:

- **Dienslewering deur die entiteit.**

- **Risiko's:**

  - **Finansiële risiko's.**
  - **Menslike hulpbronne risiko's.**
  - **Wetlike risiko's.**
  - **Publisiteitsrisiko's.**
  - **Sinodale ondersteuning.**

7.2 Jaarliks:

- **Inligtingstuk vir ringsvergaderings.**

- **Voorlegging en samevatting aan die Kommissie van die ADV van die geouditeerde finansiële state.**

7.3 Driejaarliks:

- **Inligtingstuk vir die ADV.**

- **Verslag aan die AKV word deur die ADV opgestel vanuit die inligtingstukke.**

4.3 **NHKA PENSIOENFONDS**

4.4 **RAAD VAN FINANSIES**

4.4.1 TERMYNVERSLAG

4.4.1.1 **Inleidend**

BESLUIT

1. Kennis geneem.

2. Dank word betuig aan elkeen wat meegewerk het, op watter wyse ook al, om die positiewe resultaat daar te stel.

4.4.1.2 **Begroting 2023/2024**

BESLUIT

Die vergadering bekragtig die aktiwiteit en begroting: Teologiese Opleiding.

(a) HTK

BESLUIT

Die vergadering bekragtig die aktiwiteit en begroting van die HTK.

(b) Ondersteuning: MRCC

BESLUIT

Die vergadering bekragtig die aktiwiteit en begroting: MRCC.

(c) Apostolaat: AIM

BESLUIT

Die vergadering neem kennis van die besparing.

(d) Strategiese groeibediening

BESLUIT

Die vergadering bekragtig die aktiwiteit en begroting: Strategiese groeibediening.

(e) ADV

BESLUIT

Die vergadering bekragtig die aktiwiteit en begroting: ADV.

(f) Kommunikasie Afdeling (insluitende kerklike publikasies – SENTIK)

BESLUIT

1. Die vergadering bekragtig die aktiwiteit: Afdeling Kommunikasie.

2. Vir die effektiewe funksionering van die Afdeling Kommunikasie word R5.00 per lidmaat by die sinodale offergawes gevoeg.

(g) Kommissie van die AKV

BESLUIT

Die vergadering bekragtig die aktiwiteit en begroting: Kommissie van die AKV.

(h) Koste van sentralisering

BESLUIT

Die vergadering bekragtig die aktiwiteit en begroting ten opsigte van die koste van sentralisering.

(i) Eiendom en geboue

BESLUIT

Die vergadering bekragtig die aktiwiteit en begroting: Eiendomme en geboue.

(j) Opsommende begroting

BESLUIT

Die vergadering keur die begroting goed met aanpassings waar die inflasiekoers ten aanvang van die finansiële jaar anders as 5% beloop.

4.4.1.3 **Sinodale offergawes ten opsigte van gesentraliseerde werksaamhede van die Kerk**

BESLUIT

1. **Die vergadering neem kennis van die hindernisse in die weg om 'n alternatiewe *regverdige basis van deelname* vir die befondsing van gesentraliseerde aktiwiteite tussen gemeentes te bereik.**

2. **Die basis van deelname per lidmaat word gehandhaaf.**

4.4.1.4 **Sinodale eiendomme**

BESLUIT

Kennis geneem.

4.4.1.5 **Gemeentelike aangeleenthede**

Die verslag word aanvaar.

4.5 BESKRYWINGSPUNTE WAT NIE VERBAND HOU MET VERSLAE NIE

BESKRYWINGSPUNT 36: KOMMISSIE VAN DIE AKV

WERKSOOREENKOMSTE MET PREDIKANTE

Die AKV bevestig dat alle werksooreenkomste tussen 'n gemeente en 'n predikant by wyse van 'n beroepsbrief in ooreenstemming met die Kerkorde in oorleg met die ringskommissie moet plaasvind.

Gemeentes kan slegs 'n werkooreenkoms met 'n predikant of emeritus van 'n ander kerk aangaan indien die betrokke predikant volle ampsvoorreg in 'n verwante kerk geniet, en die gemeente vooraf die skriftelike instemming van die ringskommissie en die Kommissie van die AKV bekom het. So 'n werkooreenkoms word beperk tot 12 maande, waarna dit met die instemming van die ringskommissie en Kommissie van die AKV hernu kan word.

BESKRYWINGSPUNT 37: KOMMISSIE VAN DIE AKV

PREDIKANTE IN DIE BUITELAND

Kragtens Ordinansie 5.1.5 mag 'n predikant wat 'n beroep na 'n kerk op dieselfde belydenisgrondslag as ons in die buiteland aanvaar en predikant van daardie kerk word, daarna steeds op uitnodiging van 'n kerkraad van die NHKA 'n erediens lei en die sakramente bedien.

Indien 'n predikant van die NHKA, sonder om beroep te word, na die buiteland verhuis, word die predikant vir 'n periode van 12 maande as 'n beroepafwagtende predikant van die NHKA beskou, met al die regte en voorregte daaraan verbonde. Na die verstryking van die 12 maande periode in die buiteland, kan die predikant aansoek doen om ampsvoorreg te behou.

Die Kommissie van die AKV kan die ampsvoorreg van 'n predikant handhaaf indien die predikant betrokke is by die bediening van 'n kerk waarmee die NHKA in ekumeniese verband staan of 'n bilaterale ooreenkoms aangegaan het. Bediening wat hiervoor in aanmerking kom, is onder andere sendingwerk, samewerkende bediening en pioniersbediening volgens diskresie van die Kommissie van die AKV. Die predikant en die plaaslike opsighoudende vergadering lewer jaarliks verslag aan die Kommissie van die AKV oor sy of haar dienswerk.

'n Predikant met ampsvoorreg is nie 'n diensdoende predikant van die Kerk nie en ook nie lid van die Kerk se Pensioenfonds nie. Indien 'n

predikant nie in die buiteland by kerklike dienswerk betrokke bly en daaroor verslag lewer nie, verval die predikant se ampsvoorreg outomaties.

'n Predikant wat uit die buiteland terugkeer, kan volgens die Reglement vir die toelating en opleiding as predikant van die Kerk aansoek doen om weer predikant te word.

BESKRYWINGSPUNT 38: KOMMISSIE VAN DIE AKV

WERKGEWERSBYDRAES TOT DIE NHKA PENSIOENFONDS

Die NHKA dra slegs werkgewersbydraes by tot die NHKA Pensioenfonds vir diensdoende predikante van die Kerk wat nog nie aftreeouderdom bereik het nie. Die Kerk se werkgewersbydrae vir nuwe toetreders tot die Pensioenfonds is in ooreenstemming met die predikant se werknemersbydrae (onderskeidelik 100/75/50/25/10% van die gebruiklike werkgewers- en werknemersbydraes).

BESKRYWINGSPUNT 39: RAAD VAN FINANSIES

ALTERNATIEWE BRONNE VAN INKOMSTE VIR SINODALE DIENSLEWERING: OORNAGBANKFASILITEITE

1. **Die AKV keur die beginsel goed dat die versterking van die Fonds vir Sinodale Dienslewering se belegging gebeur aan die hand van oornagfasiliteite (*sweeping*). Dit behels dat gemeentes, ringe en NHSV-takke kollektief deelneem aan die befondsing uit renteverdienste op geld wat tans rentevry in hulle lopende rekeninge lê.**

2. **Intussen word die *status quo* vir die verhaling van sinodale offergawes gehandhaaf totdat die renteopbrengs uit die Fonds vir Sinodale Dienslewering 'n daadwerklike bydrae tot die begroting vir sinodale dienste kan maak.**

BESKRYWINGSPUNT 41: KOMMISSIE VAN DIE AKV

AANWENDING VAN BATES OM DIE FONDS VIR SINODALE DIENSLEWERING UIT TE BOU EN DIE HEFFINGSLAS OP GEMEENTES TE VERMINDER

1. **Die AKV besluit om die Fonds vir Sinodale Dienslewering uit te bou, sodat die heffingslas op gemeentes verlig kan word.**

2. **Om hierdie oogmerk te verwesenlik, ontwikkel die Raad van Finansies 'n formule waarvolgens gemeentes wat 'n substansiële**

bydrae tot die Fonds vir Sinodale Dienslewering maak, korting ontvang op hulle sinodale offergawes.

3. Ringskommissies moet noukeurig toesien dat die vervreemding van gemeentes se vaste bates nie tot skade van die gemeente se bediening oor die langtermyn geskied nie, en dat die aanwending van die opbrengs die belange van die breë Kerk dien.

BESKRYWINGSPUNT 43: OUDIT- EN RISIKOMITEE

NAKOMING

1. Die NHKA aanvaar die Nakomingsraamwerk en implementeer dit.

2. Ordinansie 4.1.3 word soos volg uitgebrei:

Die kerkraad wys 'n lidmaat aan wat as nakomingsbeampte van die gemeente met sake handel wat op nakoming betrekking het.

3. Ordinansie 4.2.3 word soos volg uitgebrei:

Die ringskommissie wys 'n lidmaat aan wat as nakomingsbeampte van die ring met sake handel wat op nakoming betrekking het.

4. Ordinansie 4.2.2 (viii) word soos volg uitgebrei:

Die visitasiekommissie bepaal of nakoming binne die werkruimte van die gemeente aktief en op 'n verantwoordelike wyse geskied.

4.6 BESKRYWINGSPUNTE WAT MET KERKORDEWYSIGINGS VERBAND HOU

BESKRYWINGSPUNT 44: RING VAN MAQUASSI

WYSIGING VAN ORDINANSIES 3.2.11 (vi) EN 3.2.18.3 (i)

Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie.

1. Die volgende verbandhoudende voorstel gestel deur dr P van Staden en gesekondeer deur dr C le Roux, word aanvaar:

Emeriti se voortgesette bediening in gemeentes word deur die betrokke kerkrade gereël met instemming van die ringskommissie, sonder verdere regulering.

2. Die volgende verbandhoudende voorstel gestel deur ds JF van der Merwe en gesekondeer deur dr FJ Labuschagne, word aanvaar:

2.1 Die AKV gee die Kommissie van die AKV opdrag om, in die lig van die groeiende tekort aan predikante 'n ondersoek te loods na die moontlikheid om die aftreeouderdom van predikante van

65 na 70 te verander. Sodanige ondersoek moet ten minste die volgende sake hanteer:

- **Die effek van so 'n verskuiwing op die pensioenfonds en omstandighede van emeriti.**
- **Die effek op die bydraes van die beherende werkgewer (NHKA).**
- **Die effek op die situasie van beroepafwagtende predikante.**
- **Die welstand van predikante wat hulle in staat sal stel om tot op 70 effektief diensbaar te wees.**
- **Die ouderdom van vervroegde emeritaat (tans 55).**

2.2 Verslag hieroor word aan die 74ste AKV voorgelê vir besluit.

BESKRYWINGSPUNT 45: KOMMISSIE VAN DIE AKV

WYSIGING VAN ORDINANSIE 3.2.14.5 (v) EN AKTE VAN LOSMAKING NA ONTHEFFING UIT DIE AMP (I)

1. Ordinansie 3.2.14.5 (v) wat soos volg lui:

Indien die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die predikant losmaak van ampspligte, reik die kerkraad 'n akte van losmaking uit omdat die predikant weens sy of haar ontheffing nie kan voortgaan as predikant nie.

word gewysig om soos volg te lees:

Indien die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering of die Tugkomitee die predikant losmaak van ampspligte, reik die kerkraad 'n akte van losmaking uit omdat die predikant weens sy of haar ontheffing nie kan voortgaan as predikant nie.

2. Die akte van losmaking na ontheffing uit die amp (I) wat soos volg lui:

Die kerkraad en die Gemeente ... het kennis geneem van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering se besluit om u te onthef as evangeliedienaar van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika met ingang van ...

Aangesien u dus nie meer ampsvoorreg geniet in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika nie, word u van u gemeentelike dienswerk losgemaak op ...

U word van harte bedank vir die tydperk waarin u in die Kerk gewerk het.

word gewysig om soos volg te lees:

Die kerkraad en die Gemeente ... het kennis geneem van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering/Tugkomitee se besluit om u te onthef as evangeliedienaar van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika met ingang van ...

Aangesien u nie meer ampsvoorreg geniet in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika nie, en nadat die kerkraad u geleentheid gegee het om regtens vertoë te rig, is daar besluit dat u onbevoeg is om as werknemer van die gemeente op te tree, en daarom word u van u gemeentelike dienswerk losgemaak vanaf ...

U word van harte bedank vir die tydperk waarin u in die Kerk gewerk het.

BESKRYWINGSPUNT 46: RING VAN VEREENIGING

WYSIGING VAN ORDINANSIES 4.2.1 (i)(b) EN (f)

1. Ordinansie 4.2.1 (i)(b) word gewysig om soos volg te lees:

twee <u>kerkraadslede</u> uit elke kerkraadsvergadering.

2. Ordinansie 4.2.1 (i)(f) word gewysig om soos volg te lees:

een lid van die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging in elke gemeente, die maatskaplike werker(s) in die ringsverband, 'n verteenwoordiger van diakonale diensorgane in die ring, en 'n verteenwoordiger van die Algemene Diakensvergadering, wanneer daartoe uitgenooi, met spreekreg.

BESKRYWINGSPUNT 47: KOMMISSIE VAN DIE AKV

WYSIGING VAN ORDINANSIE 10.1 EN INVOEGING VAN NUWE ORDINANSIE 10.4

1. Ordinansie 10.1 wat soos volg lui:

10.1 Geen handeling of besluit van enige vergadering of van enige persoon wat kragtens 'n besluit van sodanige vergadering optree, is nietig of nie afdwingbaar nie, indien ooreenkomstig die Kerkorde

10.1.1 kennis gegee is van die vergadering

10.1.2 die vereiste kworum van lede van die vergadering teenwoordig was met die neem van die tersaaklike besluit, en

10.1.3 die besluit of handeling deur 'n vergadering geneem of verrig is wat daartoe gemagtig is.

word gewysig om soos volg te lees:

10.1 Alle handelinge of besluite van enige vergadering of persoon wat kragtens 'n besluit van sodanige vergadering optree, is geldig en afdwingbaar, indien ooreenkomstig die Kerkorde

10.1.1 kennis gegee is van die vergadering

10.1.2 die vereiste kworum van lede van die vergadering teenwoordig was met die neem van die tersaaklike besluit, en

10.1.3 die besluit of handeling deur 'n vergadering wat daartoe gemagtig is, geneem of verrig is.

2. 'n Nuwe Ordinansie 10.4 word ingevoeg wat soos volg lees:

Alle vergaderings van die Kerk kan elektronies gehou word en besluite kan elektronies geneem word, onderhewig aan die bepalings van Ordinansies 10.1 tot 10.3.

4.7 **FINALE GOEDKEURING VAN DIE BEGROTING**

1. Die sinodale offergawe van R382.00 per belydende lidmaat word aanvaar.

2. 'n Pleidooi word gerig dat beskrywingspunte wat op die hele Kerk van toepassing is, insluitende die begroting, in die vervolg eerste in die AKV-agendas bespreek sal word.

---oOo---

VERKIESING VAN STATUTÊRE RADE

Die Raad van Finansies is soos volg verkies:

* Oudl H Combrink
* Ds LH Miller
* Oudl G van Wyk
* Ds IJ Vogel
* Oudl PP Vorster.

Die Kuratorium is soos volg verkies:

* Dr H Delport
* Ds CEC Hertzog
* Ds WJJ Kok
* Ds JT Manders
* Dr C Pretorius
* Dr JM van Staden
* Dr DJC van Wyk (jr).

Die Raad vir Kerkregtelike Advies is soos volg verkies:

* Oudl JD Fourie
* Dr A Janse van Rensburg
* Dr RJ Jones
* Dr C Pretorius
* Dr BJ van Wyk.

Die Tugkomitee is soos volg verkies:

<u>Regsgeleerdes</u>:

* Adv FH Geyser
* Adv H Kriel.

<u>Predikante</u>:

* Ds HJ Celliers
* Ds EG Fourie
* Dr JH van Staden.

<u>Ouderlinge</u>:

* Oudl GJ Rossouw
* Oudl H Willemse.

Die vergadering wys nie nuwe werkgewersverteenwoordigers aan om op die Pensioenraad te dien nie aangesien die NHKA Pensioenfonds besig is met omskakeling na 'n sambreelfonds.

---oOo---